

13 Februarie

Skrifgedeelte: Genesis 26 (OAV)

Die Here gee lewensruimte

Isak het in Gerar getwyfel. Net soos Abraham (Gen 12,20) probeer hy die belofte deur bedrog beveilig, maar sy plan misluk. Abimeleg ontmasker sy bedrog en gee boonop bevel dat niemand hom enige kwaad mag aandoen nie (vers 8 – 11). Daar wag egter nog baie stryd op Isak voordat hy rus sal vind in die sekerheid dat God sy beloftes nakom. Die Here versterk hom vir die stryd deur 'n buitengewone oes (vers 12).

Nou begin die stryd om sekerheid in alle erns. Isak moet leer om op die Here alleen te vertrou. Eers jaag Abimeleg hom uit Gerar weg. Op sy trek deur Gerar grawe hy een put na die ander. By elke put vind onenigheid plaas sodat Isak 'n swerwer word. Sy pad is 'n pad van stryd: nie net stryd om water te kry nie, maar stryd om aan die belofte vas te hou. Die sekerheid dat God sy beloftes nakom, breek by die derde put vir Isak deur. By hierdie put is daar nie "getwis" nie (vers 22). "*Rehobot*", jubel Isak. "*Nou het die Here vir ons ruimte gemaak*". Uit die stryd het sekerheid gegroei.

Hierdie uitroep is eeue later in Christus ten volle vervul. In Hom het God vir ons ware lewensruimte gemaak. Ons is op pad om daardie ewige lewensruimte in besit te neem. Die pad loop deur baie stryd. In die stryd werk die Heilige Gees sekerheid van die oorwinning in ons harte, sodat ons met blydschap kan bely: Rehobot! Die Here het vir ons ewige lewensruimte gemaak.

Sing: Psalm 66:5,6

Ds AP Krüger (Postmasburg)